DIE JAAR 1983 WAS VIR ~~ONS BY~~ RHODES 'N JAAR VAN SOLIEDE EN KONSTRUKTIEWE PRESTASIE ~~GEWEES~~. EK GEBRUIK DIE BOU-IDIOOM IN DIE LETTERLIKE SIN VAN DIE WOORD, OMDAT ~~, DAAR~~ BAKSTENE EN SEMENT DIE TASBARE TEKENS VAN ONS VOORUITGANG DIE AFGESLOPE JAAR WAS.

IN APRIL HET DIE UNIVERSITEIT SY GROOTSTE ENKELE SKENKING OOIT ONTVANG - NAAMLIK VYFHONDERD DUISEND RAND GESKENK DEUR DIE GOLDFIELDS STIGTING OM DIE HELFTE VAN DIE KOSTE VAN 'N NUWE KOSHUIS, WAT 78 STUDENTE SAL HUISVES, TE DEK. DIE KOSHUIS SAL GOLDFIELDS HOUSE HEET ~~GENOEM WORD~~, EN SAL GEDURENDE JULIE AANSTAANDE JAAR IN GEBRUIK GENEEM WORD.

~~DIE~~ EINDE ~~VAN DIE JAAR~~ 1983 VOLTOOI ONS OOK ONS ~~LUI OOK DIE FINALE~~ STADIUM~~S~~ IN ~~VAN ONS~~ GROOTSTE BOUPROJEK OOIT ~~IN~~ - NAAMLIK DIE TWEEDE BINNEHOF ~~QUAD TWEE~~ PROJEK, WAT ONGEVEER BOUWERK IS ~~FEITLIK VOLTOOI, TEEN 'N KOSTE VAN NAGENOEG~~ KOS VIER MILJOEN RAND. ~~DIE~~

Sal 1.25



IN HIERDIE VOORTREFLIKE NUWE KOMPLEKS HET

DIE DEPARTEMENT ENGELS ~~HET~~ REEDS IN SEPTEMBER SY INTREK GENEEM, ~~IN DIE VOORTREFLIKE NUWE HUISVESTING GENEEM~~, EN DIE DEPARTEMENTE AARDRYKSKUNDE EN GEOLOGIE SAL GEDURENDE DIE KOMENDE VAKANSIE INTREK.

ANDER BOUBEDRYWIGHEDE SLUIT ~~IN~~ TWEE KLEIN GEBOUE IN ~~KOSHUIS-BYGEBOUE~~ WAT HUISVESTING SAL BIED AAN 33 STUDENTE ~~JAARLIKS~~ TEEN 'N KAPITAALKOSTE VAN 'N KWARTMILJOEN RAND. ~~SAL BIED.~~ 'N VERDERE KWARTMILJOEN RAND IS BESTEE AAN DIE OPRIG VAN AGT DUBBELVERDIEPING WOONSTELLE VIR GETROUDE NAGRAADSE STUDENTE.

'N PROJEK VAN POTENSIEEL GROOT ~~ONSKATBARE~~ WAARDE WAT VANJAAR VOLTOOI ~~GEFINALISEER~~ IS IS DIE VISKWEKERY EN DIE VISPLAAS. DIT ~~DIE~~ IS 'N GESAMENTLIKE PROJEK VAN DIE UNIVERSITEIT EN DIE JLB SMITH INSTITUUT VIR VISKUNDE. RHODES IS DIE ENIGSTE UNIVERSITEIT IN SUIDELIKE AFRIKA WAT SPESIALE NAGRAADSE KURSUSSE IN HIERDIE VAKRIGTING AANBIED - EN DAAR WORD GEHOOP DAT DIE OPLEIDING IN

AQUAKULTUUR WAT HIER AANGEBIED WORD SAL LEI TOT DIE VERLIGTING VAN DIE PROTEINTEKORTE ~~IN DIE PLATTELANDSE NASIONALE STATE~~. WAT ONS IN SUIDER AFRIKA ONDERVIND.

~~HEEL~~WAARSKYNLIK IS DIE BEVREDIGENDSTE ONTWIKKELING VANJAAR ~~IS~~ DIE TOTSTANDKOMING, NA VYF JAAR ~~[illegible]~~ ONDERHANDELING, VAN 'N HUISEIENAARSKAPSKEMA VIR ONS SWART WERKNEMERS. DIÉ SKEMA, WAT MET DIE SAMEWERKING VAN TWEE ~~MET DIE SA PERMANENTE~~ BOUVEREENIGINGS VAN STAPEL GESTUUR IS, STEL HUISLENINGS BESKIKBAAR AAN SWART WERKNEMERS TEEN PRESIES DIESELFDE VOORWAARDES ~~AS~~ WAT ~~GELD~~ VIR BLANKE WERKNEMERS GELD. DIT IS DIE EERSTE SODANIGE SKEMA VIR SWART UNIVERSITEITSPERSONEEL IN SUID AFRIKA, EN 'N ONLANGSE BESOEK ~~MET~~ AAN SOMMIGE VAN DIE TROTSE EIENAARS ~~AAN HUL BOUPERSELE~~ VAN HIEDIE HUISE, HET ~~DIT~~ AAN MY TUISGEBRING HOE BELANGRIK ~~'N~~ HIERDIE STAP IN DIE NORMALISERING VAN ONS GEMEENSKAP ~~HIER GENEEM~~ IS.

[WPU.6754C]

Ons is tevrede met 1983